

# DIE BOEK OPENBARING

## Hoofstuk 9

### Inleiding

Let op die wending in die oordele:

- Tot nou toe is die mense deur die natuur getref.
- Nou breek die werkinge van die satan op die mense los.
  - Aanvanklik werk die duiwel in op die mense se gemoedere.
  - Dit veroorsaak angs en benoudhede.
  - Daarna kom daar is verskriklike oorlog (met masjiene?) wat 'n derde deel van die mensdom doodmaak.

Die uitstaande kenmerk van hierdie tyd is dat die mense nie tot bekering kom nie.

- Selfs nie die angs en lyding en dood kry hulle tot op die punt waar hulle tot bekering wil of kan kom nie.
- Daarom is dit vanselfsprekend dat daar vir sulke mense net die eindoordeel kan oorbly – niks anders pas by hulle nie!

### Vers 1

**En toe die vyfde engel blaas, sien ek 'n ster wat uit die hemel op die aarde geval het, en aan hom is die sleutel van die put van die afgrond gegee.**

(Openbaring 9:1 AFR1953)

Toe die vyfde basuin blaas, sien Johannes 'n ster wat uit die hemel uitval.

Die vorige ster het gelyk soos 'n berg wat brand.

- Dit was iets uit die natuur.
- Hierdie ster is nie 'n stuk van die natuur nie.
- Dis 'n lewende wese.

Hierdie plaag gaan oor geestelike aanvalle.

- Dit gaan oor sielsbenoudheid wat deur die magte van die hel veroorsaak word.
- Hierdie wese het mag oor die vuur en die afgrond – duidelik is dit die duiwel (of ten minste 'n mag wat aan hom verbind is).

Ons weet dat die duiwel die engel van die afgrond genoem word. Die **afgrond** is net 'n sagte naam vir die **hel**.

Hierdie skepsel wat hier by ons opdaag, het dus mag oor al die geeste van die hel.

- Hierdie geeste is die demone – die duiwels.
- Almal van hulle was eers goeie engele maar het duiwels en demone geword omdat hulle saam met die Satan in opstand gekom het teen God.

Hierdie wese kom onder die beeld van 'n ster. Dis die beeld van sy eertydse bestaan voordat hy teen God in opstand gekom het en in sonde geval het.

**So spreek die Here HERE: Jy was die seëlring van eweredigheid, vol wysheid en volmaak in skoonheid. Jy was in Eden, die tuin van God; allerhande edelgesteentes was jou bedekking: karneool, topaas en jaspis, chrisoliet, oniks, sardoniks, saffier, karbonkel en smarag; en van goud was die werk van jou kassies en groewe aan jou; op die dag toe jy**

**geskape is, is hulle berei. Jy was 'n gérub met uitgespreide vlerke wat beskut, en Ek het jou gestel op 'n heilige berg; 'n god was jy; jy het gewandel tussen vurige gesteentes. Jy was volkome in jou weë van die dag af dat jy geskape is, totdat daar ongeregtheid in jou gevind is.**

(Esegiël 28:12-15 AFR1953)

Let op hoe die Here die aankoms van die slegte wese aankondig:

- Die Here sê nie dat hy op die aarde **gegooi** is nie: Let daarvoor op as kontras in die volgende tekste:

**En die eerste engel het geblaas, en daar het hael en vuur gekom met bloed gemeng, en dit is op die aarde gegooi. En 'n derde van die bome het verbrand, en al die groen gras het verbrand.** (Openbaring 8:7 AFR1953)

**En die groot draak is neergewerp, die ou slang wat genoem word duiwel en Satan, wat die hele wêreld verlei, hy is neergewerp op die aarde, en sy engele is saam met hom neergewerp.** (Openbaring 12:9 AFR1953)

- Die Here sê ook nie dat hierdie onheilswese neergedaal het nie! Vergelyk byvoorbeeld die volgende twee tekste:

**Wie oorwin, Ek sal hom 'n pilaar in die tempel van my God maak, en hy sal daar nooit weer uitgaan nie; en Ek sal op hom die Naam van my God skrywe en die naam van die stad van my God, van die nuwe Jerusalem, wat uit die hemel van my God neerdaal, en my nuwe Naam.** (Openbaring 3:12 AFR1953)

**En ek het 'n ander sterk engel uit die hemel sien neerdaal, bekleed met 'n wolk, en 'n reënboog was oor sy hoof, en sy aangesig was soos die son, en sy voete soos pilare van vuur;** (Openbaring 10:1 AFR1953)

- Die Here sê hy het **geval!**

Omdat hy 'n ster is, het hy geval soos die een in hoofstuk 8:10:

**En die derde engel het geblaas, en 'n groot ster wat soos 'n fakkelt brand, het uit die hemel geval, en dit het geval op 'n derde van die riviere en op die waterfonteine.**

(Openbaring 8:10 AFR1953)

Die woord **val** word spesifiek gebruik om daarmee te openbaar dat hierdie wese 'n **gevalle** wese is!

- Hy het uit sy hoë stand uit weggeval en
- binne in die sonde in geval.
- Hy was eers hoog en heilig.
- Nou is hy laag, onheilig en gemeen!

Vergelyk hiervoor die woorde van ons Here Jesus Christus:

**Toe sê Hy vir hulle: Ek het die Satan soos 'n bliksem uit die hemel sien val.**

(Lukas 10:18 AFR1953)

Die openbaring van die Here aan Johannes sluit hierby aan.

- Let daarop dat Johannes nie die duiwel sien val nie! Hy sien hom nadat hy klaar op die aarde neergeval het!
- Kyk na die presiese woorde wat in hierdie vers staan:  
... **wat uit die hemel op die aarde geval het** ...

Die Here openbaar dus baie duidelik aan Johannes dat hierdie wese nie eie aan die aarde is nie!

- Die wese het oorspronklik eintlik in die hemel tuisgehoort!

- Die wese is dus eintlik beroof van sy eertydse heerlijkheid (net soos ons – deur sy eie sondeval!).
- Hy is dus in 'n sekere sin ook nog 'n gebroke wese, want sy mag oor heerlike dinge is van hom af weggeneem.
- Nou het hy net mag oor die hel en alles wat daar tuishoort.

Let ook op hoe beperk is die duiwel se mag.

- Hy het uiters beperkte mag, want hy kan net oor die afgrond heers sover as wat God hom mag gee om dit te doen.
- God het hom die sleutel van die afgrond gegee. Hy het nie die sleutel vanself besit nie! Die sleutel vir daardie plek behoort dus ook aan die Here!
- Die veronderstelling is dus ook duidelik: Omdat die sleutel deur God oorhandig word, mag die duiwel daar net optree volgens die reëls wat God vir hom neerlê.

'n Sleutel is 'n teken van bevoegdheid. Let op die kontras:

- In hierdie vers gee die Here vir die duiwel die sleutel van die hel.
- Vir sy kerk gee hy die sleutels van die koninkryk van die hemele.

**En Ek sal jou die sleutels van die koninkryk van die hemele gee; en wat jy ook op die aarde mag bind, sal in die hemel gebonde wees, en wat jy ook op die aarde mag ontbind, sal in die hemel ontbonde wees.**

(Matteus 16:19 AFR1953)

- Maar self hou die Here Jesus die hoogste sleutels: die sleutels van die dood en die doderyk.  
**En toe ek Hom sien, val ek soos 'n dooie aan sy voete; en Hy het sy regterhand op my gelê en vir my gesê: Moenie vrees nie; Ek is die eerste en die laaste en die lewende; en Ek was dood en kyk, Ek leef tot in alle ewigheid. Amen. En Ek het die sleutels van die doderyk en van die dood.**

(Openbaring 1:17-18 AFR1953)

**En skryf aan die engel van die gemeente in Filadelfia: Dít sê die Heilige, die Waaragtige, wat die sleutel van Dawid het, wat oopmaak en niemand sluit nie, en Hy sluit en niemand maak oop nie:**

(Openbaring 3:7 AFR1953)

Opsomming: Hierdie slegte wese het dus in homself geen

- eie reg nie, en
- ook nie eie krag nie.

*Hy beheer net die toegang van die plek waar die demone woon! Dis ook die plek waar al die duiwels, demone, bese geeste en al hulle aanhangers en meelopers eendag toegesluit gaan word! Dis al waarmee God hom kan vertrou!*

**En ek het 'n engel uit die hemel sien neerdaal, met die sleutel van die afgrond en 'n groot ketting in sy hand. (Openbaring 20:1 AFR1953)**

**. . . en hom in die afgrond gewerp en hom toegesluit en dit bo hom verseël, sodat hy die nasies nie meer sou verlei totdat die duisend jaar voleindig is nie. Daarna moet hy dan 'n kort tydjie ontbind word. (Openbaring 20:3 AFR1953)**

**En wanneer hulle hul getuienis voleindig het, sal die dier wat uit die afgrond opkom, teen hulle oorlog voer en hulle oorwin en hulle doodmaak;**

(Openbaring 11:7 AFR1953)

**Die dier wat jy gesien het, was en is nie, en sal uit die afgrond opkom en na die verderf vaar; en die bewoners van die aarde wie se name nie van die grondlegging van die wêreld**

**af in die boek van die lewe geskryf is nie, sal hulle verwonder as hulle die dier sien wat was en nie is nie, alhoewel hy is.**  
(Openbaring 17:8 AFR1953)

Uit hierdie wêreld uit besoedel die satan die mensdom wanneer hierdie basuin blaas!

Wanneer die Here Jesus op die wolke verskyn met die wederkoms, word hierdie afgrond die laaste en finale blyplek van die satan self en wie almal nog wat aan sy kant is:

**En hulle het Hom gesmeek dat Hy hulle nie sou beveel om in die onderwêreld af te vaar nie.** (Lukas 8:31 AFR1953)

**En die duiwel wat hulle verlei het, is in die poel van vuur en swawel gewerp waar die dier en die valse profeet is; en hulle sal dag en nag gepynig word tot in alle ewigheid.**  
(Openbaring 20:10 AFR1953)

**En die dood en die doderyk is in die poel van vuur gewerp. Dit is die tweede dood. En as dit bevind is dat iemand nie opgeskryf was in die boek van die lewe nie, is hy in die poel van vuur gewerp.** (Openbaring 20:14-15 AFR1953)

**. . . dat julle kan eet die vlees van konings en die vlees van owerstes oor duisend en die vlees van sterkes en die vlees van perde en van die wat daarop sit, en die vlees van almal, vrymense sowel as slawe, klein sowel as groot.**  
(Openbaring 19:18 AFR1953)

**Maar wat die vreesagtiges aangaan en die ongelowiges en gruwelikes en moordenaars en hoereerders en towenaars en afgodedienaars en al die leuenaars hulle deel is in die poel wat brand met vuur en swawel: dit is die tweede dood.** (Openbaring 21:8 AFR1953)

## **Vers 2**

**En hy het die put van die afgrond oopgemaak, en daar het rook opgekom uit die put soos rook van 'n groot oond, en die son en die lug is deur die rook van die put verduister.** (Openbaring 9:2 AFR1953)

Hierdie wese maak die afgrond oop. Waarskynlik sluit hy dit oop – want hy het mos 'n sleutel daarvoor gekry.

Wat is die effek van sy oopsluitery van **die put van die afgrond**? Daar is twee kante aan die saak – twee kante wat lynreg teenoor mekaar staan!

- Van die duiwel se kant af lyk die saak so:
  - Hy wil mense sonde laat doen.
  - Hy wil mense in die verderf in begelei.
  - Daarvoor laat hy die demone uit die onderwêreld los om hierdie grenslose stuk verwoesting onder die mense aan te rig.
- Van God se kant af lyk die saak teenoorgesteld:
  - Hy besoek die mensdom met sy straf om hulle tot insig en bekering te bring!
  - Sy mikpunt is aanvanklik nie dat Hy die mensdom wil vernietig nie!
  - Vergelyk hiervoor vers 20 en 21:

**En die orige mense wat deur hierdie plaë nie gedood is nie, het hulle nie bekeer van die werke van hul hande, om die duiwels te aanbid, of die afgode van goud en silwer en koper en klip en hout wat nie kan sien of hoor of loop nie. En hulle het hul nie bekeer van hul moorde en hul towerye en hul hoerery en hul diefstalle nie.** (Openbaring 9:20-21 AFR1953)

Nadat die **put van die afgrond** oopgemaak is, word die ellendes simbolies sigbaar gemaak:

- Daar styg 'n dik rook(wolk) op uit die put.

- Hierdie dik rookwolk is die simbool van alles wat verkeerd is, van alle sondes en ellendes.
- *Die rook is die simbool van hierdie dinge omdat dit nie daad is wat in die Lig van God se heerlijkheid gedoen word nie, en omdat sondes altyd donkerte oor mense bewerk.*

Om die slegtheid en die boosheid van die sonde uit te beeld, word die dik rookwolk vergelyk met 'n dik rookwolk wat uit 'n groot oond uitkom.

- Selfs die son en die lugruim word daardeur verdonker.
- Alles wat skoon en ligdraend en liggewend is, word deur hierdie dik donkerheid verpes.
- Ons moet daarby dink dat asemhaling bemoeilik word en dat alle lewe mettertyd daarin sal sterf!

Omdat dit 'n wese is wat die sondes loslaat en omdat sondes se oorsprong geestelik is, moet hierdie beeld deurgetrek word na meer dinge as net die fisiese son en lugruim wat bokant ons is.

- Die son simboliseer die lig van God se openbaring.
- Dit simboliseer die lig wat in ons binneste opgaan wanneer ons kennis vermeerder van God en sy Woord.
- Dit simboliseer ook lewensvreugde (blydschap) en vermoëns.

Die sonde (dik rook) neem al hierdie dinge weg.

- Hierdie magte uit die hel sal met donker geweld en swart filosofieë werk om alle vrede en vreugde van ons af weg te neem.
- Ook die vermoë om gelowig 'n bestaan te kan maak.
- Dit sal ons ware kennis van God probeer vervang met donker dwaalleer.

Dit gaan alles wat goed is, versteur.

- Dit gaan blydschap met benoudheid vervang.
- Dit gaan 'n sober en skoon lewe met besmetlike standaarde vervang.

### **Vers 3**

**En uit die rook het daar sprinkane uitgekom op die aarde, en aan hulle is mag gegee soos die skerpioene van die aarde mag het.** (Openbaring 9:3 AFR1953)

Die gesig wat Johannes sien, verander.

- Aanvanklik lyk die donker wolk soos digte rook.
- Maar al hoe duideliker Johannes kyk, al hoe beter onderskei hy dit wat hy sien.
- Uit die rook kom daar sprinkane – met ander woorde soos wat die donker rookwalm nader kom, begin hy sien dat die rook al die tyd 'n geweldige swerm sprinkane is.

Die beeld beskryf hoe die swerm sprinkane so dig word dat dit die sonlig heeltemal wegskerm (vers 2).

- Die beeld sê dat die sprinkane die hele lug toemaak – hulle vul alles en neem alles oor!
- Die sprinkane is dreigend en veroorsaak benoudheid en spanning.
- Hulle gaan alles vernietig wat voorkom.

Hierdie sprinkane is natuurlik net die beeld of simbool van die hoeveelheid demone wat deur die duiwel oopgesluit word, sodat hulle uit die put en die afgrond kan uitkom en oor die hele aarde vlieg om kwaad te doen.

Die beeld is bekend, want die Here gebruik baie keer in die geskiedenis sprinkane om verwoesting te saai. Vergelyk hiervoor die volgende Bybelgedeeltes:

**die sprinkane het opgekom oor die hele Egipteland en in die hele gebied van Egipte gaan sit, 'n baie groot menigte – tevore was daar so 'n sprinkaanswerm nie gewees nie, en daarna sal so iets nie weer voorkom nie. (Eksodus 10:14 AFR1953)**

**Wat die afknyper laat oorbly het, het die treksprinkaan verslind; en wat die treksprinkaan laat oorbly het, het die voetganger verslind; en wat die voetganger laat oorbly het, het die kaalvreter verslind. (Joel 1:4 AFR1953)**

**As daar hongersnood is in die land, as daar pes is, as daar brandkoring, heuningdou, sprinkane, kaalvreters is, as sy vyand hom in die land, in sy poorte dit benoud maak, watter plaag, watter siekte ook al, (1 Konings 8:37 AFR1953)**

**Hy het gespreek, en daar het sprinkane gekom en voetgangers sonder getal, (Psalms 105:34 AFR1953)**

**Dit het die Here HERE my laat sien – kyk, Hy het sprinkane geformeer toe die na-gras begin uitspruit het; en kyk, dit was die na-gras nadat die snysels van die koning af was. (Amos 7:1 AFR1953)**

Wat hier geopenbaar word, is die ontelbare hoeveelheid demone wat losgelaat is oor die aarde.

- Hulle is teen al die mense se geestelike vrede, vreugde en genot. Hulle vat dit weg en vernietig dit.
- Vanselfsprekend gaan hiermee saam al die dinge wat demone doen: Hulle bewerk dwaalleer en buig en vernietig ware kennis en insig.

Net soos hulle aanvoerder het hulle geen bevoegdheid in hulleself nie: **en aan hulle is mag gegee . . .**

- Hulle het net die mag wat God hulle gee!
- Nie eers hulle aanvoerder kan vir hulle enige mag gee nie!

Die mag wat hulle kry, word beeldend beskryf as die mag van skerpioene.

- Die beeld word gebruik om die geestelike pyn en ellendes wat die spul demone aanrig, te beskryf.
- Die Here gebruik altyd die beeld van skerpioene om dit wat sleg is uit te beeld:  
**. . . wat jou deur die groot en vreeslike woestyn gelei het, deur giftige slange en skerpioene en 'n dorland sonder water; wat vir jou water uit die klipharde rots laat kom het; (Deuteronomium 8:15 AFR1953)**

**En jy, mensekind, wees nie vir hulle of vir hulle woorde bevrees nie, omdat distels en dorings by jou is, en jy by skerpioene woon; wees nie bevrees vir hulle woorde en wees voor hulle aangesig nie verskrik nie, want hulle is 'n wederstrewige huis. (Esegiël 2:6 AFR1953)**

**Kyk, Ek gee aan julle die mag om op slange en skerpioene te trap, en oor al die krag van die vyand; en niks sal julle ooit skade doen nie. (Lukas 10:19 AFR1953)**

#### **Vers 4**

**En aan hulle is gesê dat hulle nie die gras van die aarde of enige groenigheid of enige boom moet beskadig nie, maar net alleen die mense wat die seël van God nie op hulle voorhoofde het nie. (Openbaring 9:4 AFR1953)**

Enige mens wat 'n sprinkaan ken, weet dat dit alles wat groen is, soos gras en blare, eet.

- Hierdie sprinkane mag dit nie doen (eet) nie!
- Hulle mag nie die gras of die bome beskadig nie!

Daar is in elk geval niks wat deur werklike sprinkane gevreet kan word nie, want al die groen gras en 'n derde van die bome is klaar verbrand!:

**En die eerste engel het geblaas, en daar het hael en vuur gekom met bloed gemeng, en dit is op die aarde gegooi. En 'n derde van die bome het verbrand, en al die groen gras het verbrand.** (Openbaring 8:7 AFR1953)

Hulle mag wel iets anders beskadig:

- Hulle mag al die mense wat nie die seël van God het nie, beskadig.
- Dit wys terug na die gesprek tussen die engel wat die seël van God gehad het en die vier engele wat op die hoeke van die aarde gestaan het:

**Moenie die aarde of die see of die bome beskadig voordat ons die diensknegte van onse God op hulle voorhoofde verseël het nie.** (Openbaring 7:3 AFR1953)

Die Here gee dadelik 'n duidelike beperking van watter mense wel aangeval mag word en watter nie!

- Die verseëlde/uitverkorenes moet uitgelos word.

Die feit dat hierdie sprinkane mense mag beskadig, openbaar duidelik dat dit nie werklike sprinkane is nie, maar dat dit gaan oor die demone wat losgelaat word uit die put van die afgrond.

- Hierdie sprinkane mag wel mense aanval en pynig.
- Die manier waarop die pyniging gebeur word ook beskryf: Soos skerpioene

Die aanvalle en pyniging is nie liggaamlike siekte nie.

- Daarom staan daar: . . . **soos . . . (skerpioene)**
- Die pyniging is geestelike kwelling. Dis sielsbenoudheid en angs.
- *Die soort ding kom nie oor die uitverkorenes van die Here nie, want hulle het die geloof in (en die feit van!) die Here Jesus Christus se versoening en verlossing.*

Ons (die verseëlde) besit die versoening van al ons sondes by God.

1. Daarom besit die verseëlde ook die volle vrede met God.
2. Hulle weet dat die vriendelikheid van God se gesig oor hulle skyn – natuurlik deur die genade wat hulle het in die Here Jesus Christus se verdienste.
3. Dink hier aan Psalm 97:7 (berymd)

**Gods vriend'like<sup>o</sup> aangesig / straal vrolikheid en lig /  
deur duisternis en smarte / vir alle<sup>o</sup> opregte harte.**

**Regverdiges, wees bly! / En sing 'n lied daarby!**

**Verheug u in die HEER! / Lofsing sy Naam tot eer, / Hy's hoog en heilig, Hy!**

Vergelyk hiermee saam ook:

(4:7) **Baie sê: Wie sal ons die goeie laat sien? Verhef oor ons die lig van u aangesig, o HERE!**

(4:8) **Groter vreugde het U in my hart gegee as wanneer hulle koring en hulle mos oorvloedig is.** (Psalm 4:6-7 AFR1953)

**Want ek reken dat die lyding van die teenwoordige tyd nie opweeg teen die heerlijkheid wat aan ons geopenbaar sal word nie.** (Romeine 8:18 AFR1953)

## Vers 5

**En dit is aan hulle gegee, nie om hulle dood te maak nie, maar dat hulle vyf maande lank gepynig sou word; en hulle pyniging was soos die pyniging van 'n skerpioen wanneer hy 'n mens steek.** (Ope 9:5 AFR1953)

Die Bybel praat drie keer van 'n tydperk van vyf maande:

**Lukas 1:24** En ná hierdie dae het Elisabet, sy vrou, ontvang en haar vyf maande lank verberg en gesê:

**Openbaring 9:5** En dit is aan hulle gegee, nie om hulle dood te maak nie, maar dat hulle vyf maande lank gepynig sou word; en hulle pyniging was soos die pyniging van 'n skerpioen wanneer hy 'n mens steek.

**Openbaring 9:10** En hulle het sterte gehad soos dié van skerpioene, en daar was angels in hulle sterte, en hulle mag was om die mense vyf maande lank skade aan te doen.

Vyf maande is dieselfde as honderd en vyftig dae. As ons die getal honderd en vyftig in die Bybel gaan opsoek, kom ons op (onder andere) die volgende af:

**En die waters het die oorhand behou oor die aarde honderd en vyftig dae lank.** (Gen 7:24 AFR1953)

**Toe het die waters geleidelik van die aarde teruggegaan, en die waters het afgeneem aan die end van honderd en vyftig dae.** (Gen 8:3 AFR1953)

As ons die tydperk van vyf maande vergelyk met sommige van die ander tye waarvan ons in die Bybel lees, kom ons op die volgende af:

**Vrees vir niks wat jy sal ly nie. Kyk, die duiwel gaan sommige van julle in die gevangenis werp, sodat julle op die proef gestel kan word; en julle sal tien dae lank verdrukking hê. Wees getrou tot die dood toe, en Ek sal jou die kroon van die lewe gee.** (Ope 2:10 AFR1953)

**Maar die voorhof buitekant die tempel moet jy uitlaat en dit nie meet nie, want dit is aan die heidene gegee; en hulle sal die heilige stad twee en veertig maande lank vertrap. En Ek sal aan my twee getuies gee dat hulle, met sakke bekleed, duisend twee honderd en sestig dae lank sal profeteer.** (Ope 11:2-3 AFR1953)

**En die vrou het na die woestyn gevlug waar sy 'n plek het wat deur God gereed gemaak is, dat hulle haar daar sou onderhou duisend twee honderd en sestig dae lank.** (Ope 12:6 AFR1953)

Die beginsels wat in hierdie vers vasgevang is, is presies dieselfde as die wat in die vorige vers voorkom:

1. Die bose geeste kry by die Here die toestemming vir hulle kattedekwaad.
2. Hulle kwaaddoenery word baie beperk - hulle mag net pyn veroorsaak, nie doodmaak nie. Inderdaad staan hier nie dat hulle iets aan die mense doen nie. Daar staan: **maar dat hulle vyf maande lank gepynig sou word; en hulle pyniging was soos die pyniging van 'n skerpioen wanneer hy 'n mens steek.**
  - Die demone doen dinge wat dan 'n effek op die mensdom uitoefen.
  - Die effek is pyn soos 'n skerpioensteek.
3. Hulle kwaaddoentyd word beperk: vyf maande. Hulle is dus uiters begrens.
4. Die betekenis is dus dat hulle bose werke vir hoogstens 'n kort tydjie (volgens God se totale raadsplan gemeet) mag aangaan.



5. Die motivering daarvoor is dat die leeftyd van 'n sprinkaan waarskynlik slegs vyf maande is.

Wat gaan die gevolg wees van hierdie demone se dinge?

Hulle gaan plaë en teisteringe veroorsaak.

Ek haal aan uit Albert Barnes se kommentaar: *“There may be included in the fair interpretation of the words, general distress and sorrow; acts of oppression, cruelty, and violence.”*

### Vers 6.

**En in dié dae sal die mense die dood soek en dit nie vind nie; en hulle sal verlang om te sterwe, en die dood sal vir hulle weglug.** (Ope 9:6 AFR1953)

**En in dié dae** .. wys op 'n bepaalde tyd.

Daardie tyd wanneer die demone pynvolle dinge oor die mense gaan laat gebeur, sal die mense moedeloos (totaal moedverlore!) raak.

- Hulle sal so moedeloos word dat hulle sal wens hulle gaan dood.
- Die lewe sal so hartsverskeurend sleg wees dat mense die dood bo die lewe sal verkies

*Vraag: Hoe laag moet jou lewenskwaliteit val voordat die dood beter as die lewe geword het?*

Die punt is net dat hulle nie van die lyding sal sterf nie - **en die dood sal vir hulle weglug.**

Voorspel Jeremia dalk juis hierdie aangeleentheid?

**En die dood sal bo die lewe verkies word deur die hele oorblyfsel, die wat oor is van hierdie bose geslag in al die plekke waarheen Ek hulle verdryf het, spreek die HERE van die leë skare.** (Jer 8:3 AFR1953)

### Vers 7

**En die voorkoms van die sprinkane was soos dié van perde wat vir die oorlog toegerus is, en op hulle koppe was iets soos krone wat net soos goud gelyk het, en hulle gesigte was soos die gesigte van mense.** (Openbaring 9:7 AFR1953)

**En hulle het hare gehad soos vrouehare, en hulle tande was soos dié van leeus.** (Openbaring 9:8 AFR1953)

**En hulle het borsharnasse gehad soos van yster, en die gedruis van hulle vlerke was soos die gedruis van baie strydwaens met perde wat opruk na die oorlog.** (Openbaring 9:9 AFR1953)

Die voorkoms van die sprinkane word nou deur Johannes beskryf.

- Let op die woordjie **soos**.
- Die sprinkane is nie perde nie – maar hulle het eienskappe wat ooreenstem met perde waarmee oorlog gemaak word.
- Dis perde wat verslaaf is aan veglustigheid – die simbool is dus oorlog!

Vergelyk hiervoor dit wat in Joël 2 geskryf staan. Daar word perde ook aan oordeel verbind:

**Blaas die basuin op Sion, en blaas alarm op my heilige berg! Laat al die inwoners van die land bewe, want die dag van die HERE kom, want hy is naby— 'n dag van duisternis en donkerheid, 'n dag van wolke en wolkenag; soos die môreskemering, uitgesprei oor die berge, kom 'n talryke en magtige volk, wat van oudsher sy gelyke nie gehad het nie en dit hierna ook nie sal hê tot in die jare van die verste geslagte nie. Voor hom uit verteer 'n vuur, en agter hom brand 'n vlam; voor hom lyk die land soos die tuin van Eden, en agter hom is dit 'n woeste wildernis; ook kan niks daaraan ontkom nie. Sy voorkoms is soos dié van perde, en net soos ryperde so hardloop hulle. (Joël 2:1-4 AFR1953)**

Tog is daar ook groot verskil tussen die sprinkane en perde:

- Hulle het gesigte soos mense.
  - Die feit dat hierdie mense gesigte soos mense het, is om daarop te wys dat hierdie sprinkane persoonlike wesens is.
  - Hulle het dus 'n verstand en 'n wil – hulle kan dink en beplan en doen!
- Hulle dra lang hare soos vrouens.
  - Is dit dalk iets soos maanhare?
  - In elk geval bring die lang (verslonsde) hare die beeld tuis dat die wesens onnatuurlik en weersinwekkends is.
  - Hulle skrik diegene wat hulle sien met afgryse af!
- Die tande van leeus wat hulle het, openbaar dat hierdie wesens genadeloos is.
  - Hulle verskeur en maak lewe wat in hulle pad kom dood.
- Die ysterharnasse simboliseer dat hulle nie kwesbaar is nie.
- Die wesens vlieg en het vlerke.
  - Wanneer hulle vlieg, maak hulle 'n groot geraas.
  - Die gedruis is geweldig, want dit klink soos die geknars van groot getalle outydse strydwagens wat oor klipperige grond dreun en druis met die galop van perdehoewe (wat natuurlik almal beslaan is!)
    - Die bedoeling van die geraas en die beeld van die baie strydwagens is om aan te toon dat daar baie van hierdie wesens is – 'n formidabele weermag!
    - Die bedoeling van die geraas wat beskryf word, is verder om die vrees wat die geraas op die toeskouers oordra, uit te beeld.
    - Die vrees en ang is omdat die geraas tekenend is van die geweld en die dood en vernietiging wat deur hierdie magte uitgevoer gaan word.

Vergelyk hierby dit wat in 2 Konings 7:6 geskryf staan:

**Want die HERE het die leër van die Arameërs 'n gedruis van waens en 'n gedruis van perde, 'n gedruis van 'n groot leërmag laat hoor, sodat hulle die een vir die ander gesê het: Kyk, die koning van Israel het die konings van die Hetiete en die konings van die Egiptenaars teen ons gehuur om ons te oorval. Daarom het hulle in die skemer klaargemaak en gevlug, maar hulle tente en perde en esels, die laer soos dit was, in die steek gelaat; en hulle het vir hul lewe gevlug.**

(2 Konings 7:6-7 AFR1953)

- Op hulle koppe is iets wat Johannes nie ken nie.
  - Hy skryf dat dit iets is wat soos kranse (lourierkranse) of krone lyk.
  - Die materiaal waarvan dit gemaak is, lyk soos goud.

Goud is die simbool van oorwinning. Die feit dat hierdie krone (?) lyk soos goud, beteken dat dit nie werklik van goud was nie!

### **Vraag:**

Is die soos goud 'n valse beeld van oorwinning? Met ander woorde, simboliseer die wesens dat hulle oorwinnaars is, terwyl hulle dit nie in volle waarheid is nie?

### **Vers 10**

**En hulle het sterte gehad soos dié van skerpioene, en daar was angels in hulle sterte, en hulle mag was om die mense vyf maande lank skade aan te doen.**

(Openbaring 9:10 AFR1953)

Die beeld vloei nou van die een insek oor in 'n ander een in:

- Die wesens het nie net eienskappe wat hulle met sprinkane deel nie.
- Hulle deel ook eienskappe met skerpioene. Dit is ook nie nuus nie, want die Here het dit alreeds in vers 3 en vers 5 geopenbaar:

**En uit die rook het daar sprinkane uitgekom op die aarde, en aan hulle is mag gegee soos die skerpioene van die aarde mag het.** (Openbaring 9:3 AFR1953)

**En dit is aan hulle gegee, nie om hulle dood te maak nie, maar dat hulle vyf maande lank gepynig sou word; en hulle pyniging was soos die pyniging van 'n skerpioen wanneer hy 'n mens steek.** (Openbaring 9:5 AFR1953)

Die skerpioen-eienskap word in hierdie vers verder geopenbaar.

- Hulle het sterte met angels op die punte van die sterte – soos skerpioene.
- Met die angels in hulle sterte veroorsaak hulle pyn en ellendes vir vyf maande lank.
- Die sterte en die angels is bloot simbole – soos die leeutande en die vrouehare.

Feit is dat hulle dus 'n wapen het waarmee hulle mense benoud en seer maak.

### **Vers 11**

**En hulle het as koning oor hulle die engel van die afgrond; sy naam in Hebreeus is Abáddon, en in Grieks het hy die naam van Apóllion.** (Openbaring 9:11 AFR1953)

Aan wie se kant veg hierdie wesens? Aan die hemel se kant of aan die hel se kant? Hierdie vers gee die antwoord.

- Hierdie wesens kom uit die hel.
- Die engel van die afgrond is hulle koning.

Die feit dat die magte van die hel 'n koning het, bewys dat hulle ook rangordes het.

4. Elkeen van hulle het dus meer of minder *gesag* – na gelang van sy rang.
5. Bo-aan die rangordes van die hel is hulle koning – die engel van die afgrond.
6. Dus sal elkeen van hulle ook 'n werk hê wat verskil van 'n ander een.

Hierdie engel van die afgrond se naam word in Hebreeus en in Grieks gegee.

- Dit word gedoen om alle moontlike misverstand uit te skakel.
- Sy Hebreeuse naam is **Abáddon** en in Grieks is sy naam **Apóllion**.

Al twee die name beteken presies dieselfde: **verderwer** of **vernietiger**.

Die engel is niemand anders nie as die duiwel.

- Hy is die engel wat net vernietiging en verderwing soek.
- Hy wil alles wat goed en mooi is, tot niet maak.
- Hy rig hom in elke opsig teen die eer en die werke van die Here.

Die duiwel se hele leer is dus 'n mag van verderf.

- Daarom openbaar die Here betyds aan ons dat ons vir hierdie mag en sy verwoesting gereed moet wees!
- Hy gaan alles in die stryd werp om ons liggaamlik en geestelik in die ewige verderf te laat instort!**Vers 12**

**Die een wee het verbygegaan; hierna kom daar nog twee weë.**

(Openbaring 9:12 AFR1953)

Die een verskrikking wat die mense so bang gemaak het, het gekom en verbygegaan. Nou bly daar nog drie sulke verskrikkings oor.

- Die implikasie van die aankondiging is dat hierdie twee verskrikkings alreeds besig is om voorberei te word.
- Hierdie aankondiging is dus 'n waarskuwing dat die mense tot bekering moet kom!

Die woord *hierna* het twee funksies:

- Die een is die tydsaanduiding of kronologie.
- Die ander een is die besef wat moet posvat dat hierdie dinge die laaste dinge is wat gebeur voor die eindoordeel!

**En die sewende engel het geblaas, en daar was groot stemme in die hemel wat sê: Die koninkryke van die wêreld het die eiendom van onse Here geword en van sy Christus, en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid.** (Openbaring 11:15 AFR1953)

**Vers 13, 14**

**En die sesde engel het geblaas, en ek het 'n stem gehoor uit die vier horings van die goue altaar wat voor God is, en dié het aan die sesde engel met die basuin gesê: Maak die vier engele los wat gebind is by die groot rivier, die Eufraat.**

(Openbaring 9:13-14 AFR1953)

Die sesde basuin kondig 'n geweldige en verskriklike oorlog aan.

- In hierdie oorlog gaan daar massas mense doodgaan.
- Dit gaan ook 'n oorlog wees wat met allerhande soorte masjiene gevoer gaan word.

In 'n sekere sin is daar 'n ooreenkoms tussen hierdie oorlog wat hier aangekondig word en die oorlog wat in Hoofstuk 6:4 en 8 aangekondig word.

**En 'n ander perd, 'n vuurrooie, het uitgekóm, en aan hom wat daarop sit, is dit gegee om die vrede van die aarde af weg te neem en dat hulle mekaar sou doodmaak; en 'n groot swaard is aan hom gegee.** (Openbaring 6:4 AFR1953)

**En ek het gesien, en kyk, daar was 'n vaal perd. En hy wat daarop sit, sy naam is die dood, en die doderyk het hom gevolg. En aan hulle is mag gegee oor die vierde deel van die aarde om dood te maak met swaard en hongersnood en pes en deur die wilde diere van die aarde.** (Openbaring 6:8 AFR1953)

Die twee stelle oorloë is egter nie dieselfde oorlog nie.

- Hoofstuk 6 se oorlog maak die pad reg vir die oorwinning van die evangelie deur die hele wêreld. Die tyd gaan nog aan
- Hoofstuk 9 se oorlog maak die eindoordeel gereed. Die tyd loop dan uit.

Hierdie dinge word ingelui met die blaas van die sesde basuin. Meteens praat daar een stem uit die vier hoeke van die goue altaar wat voor God se troon staan.

Hierdie altaar verwys hier na die goue reukaltaar wat in die tabernakel gestaan het. Ons lees daarvan in Eksodus 30:1-3:

**Jy moet ook 'n altaar maak om reukwerk te brand. Van akasiahout moet jy dit maak. 'n El moet sy lengte wees en 'n el sy breedte—vierkantig moet dit wees; en twee el sy hoogte. Sy horings moet, daarmee saam, uit een stuk wees. En jy moet dit met suiwer goud oortrek: die plaat en die sykante rondom en die horings. En maak daarvoor 'n goue krans rondom.** (Eksodus 30:1-3 AFR1953)

Die goue altaar was nogal gemaak volgens die model wat in die hemel is.

**Volgens alles wat Ek jou laat sien – die voorbeeld van die tabernakel en die voorbeeld van alles wat daarby behoort – so moet julle dit maak.**

(Eksodus 25:9 AFR1953)

**En kyk dat jy dit maak volgens die voorbeeld daarvan wat jou op die berg getoon is.**

(Eksodus 25:40 AFR1953)

**En Moses het die hele werk bekyk – en hulle het dit gemaak soos die HERE beveel het, so het hulle dit gemaak. Toe het Moses hulle geseën.**

(Eksodus 39:43 AFR1953)

Die horings van die altaar is die vier punte van die altaar waaraan toue vasgemaak was wat die offer op die altaar moes hou, sodat dit nie tydens die offerproses afval nie.

**Die HERE is God, en Hy het vir ons lig gegee. Bind die feesoffer met toue, tot by die horings van die altaar.** (Psalm 118:27 AFR1953)

Die verwysing na hierdie goue altaar was al in een van die vorige visioene:

**En 'n ander engel het gekom en met 'n goue wierookbak by die altaar gaan staan, en baie reukwerk is aan hom gegee, om dit met die gebede van al die heiliges op die goue altaar voor die troon te lê;** (Openbaring 8:3 AFR1953)

Die feit dat die horings in Openbaring 9:13 genoem word, laat tog die volgende gedeeltes in ons gedagtes opkom:

(18:3) **Die HERE is my rots en my bergvesting en my redder; my God, my rots by wie ek skuil; my skild en die horing van my heil, my rotsvesting.**

(Psalm 18:2 AFR1953)

**Toe die gerug by Joab kom – want Joab was aan die kant van Adónia, alhoewel hy nie aan die kant van Absalom was nie – het Joab gevlug na die tent van die HERE en die horings van die altaar vasgehou.** (1 Konings 2:28 AFR1953)

Die belangrike saak is dat daar dus 'n duidelike verskil is tussen die betekenis (simboliek) wat die horings van die altaar in die Ou Testament het, teenoor dit wat dit in die hiernamaals het!

- In die Ou Testament is dit die simbool van genade. Daarom het Joab aan die horings van die altaar gaan vashou!
- Hier in die gesig wat Johannes sien, is dit die simbool van genade, want die gebede van die gelowiges word daarop voorberei om vir God aangenaam te wees.

**En 'n ander engel het gekom en met 'n goue wierookbak by die altaar gaan staan, en baie reukwerk is aan hom gegee, om dit met die gebede van al die heiliges op die goue altaar voor die troon te lê;** (Openbaring 8:3 AFR1953)

- Maar dis ook 'n simbool van oordeel, want die vier engele wat by die groot rivier teruggehou word omdat hulle gebind (geboei/vasgemaak) is, moet losgelaat word! **Die Here se geduld het nou opgebraak!**

Ons weet al van hoofstuk 7 af van vier engele!

**En ná hierdie dinge het ek vier engele op die vier hoeke van die aarde sien staan, en hulle het die vier winde van die aarde vasgehou, sodat geen wind sou waai op die aarde of op die see of teen enige boom nie. En ek het 'n ander engel sien opkom van die opgang van die son, met die seël van die lewende God; en hy het met 'n groot stem geroep na die vier engele aan wie dit gegee is om die aarde en die see te beskadig (Openbaring 7:1-2 AFR1953)**

Die vraag is of die vier engele wat by die vier hoeke van die aarde staan, dieselfde engele is as wat by die groot Eufraatrivier staan?

Let op die verskille tussen die twee stelle van vier engele.

- In hoofstuk 7 staan die vier engele by die vier hoeke van die aarde.
- In Hoofstuk 9 se visioen staan hulle by die groot Eufraatrivier.

Kyk verder na hulle opdragte:

- Die vier wat op die vier hoeke van die aarde staan, het slegte magte wat hulle voorlopig nie moet loslaat nie.
  - Die motivering in hoofstuk 7 is dat die winde vasgehou moet word sodat die natuur nie beskadig word nie.
  - Maar die vernietiging het nou al intussen klaar gebeur!
- Die vier by die groot Eufraat se opdrag is om 'n derde van die mense dood te maak!

Die adres van die twee stelle se verwoestingswerk lê net te ver van mekaar af.

Die indruk bestaan dat hierdie vier engele wat by die groot Eufraat staan, geeste uit die hel is wat eers geboei moes word voordat hulle vir hulle vernietigingswerk losgelaat kon word.

Die groot Eufraat word in die Ou Testament spesifiek die oostelike grens genoem van die land wat die Here vir Abraham en sy nasate gee.

**Op dié dag het die HERE met Abram 'n verbond gesluit en gesê: Aan jou nageslag gee Ek hierdie land, van die rivier van Egipte af tot by die groot rivier, die Eufraatrivier: (Genesis 15:18 AFR1953)**

**En Ek sal jou grense vasstel van die Skelfsee af tot by die See van die Filistyne, en van die woestyn af tot by die Eufraat. Want Ek sal die inwoners van die land in julle hand gee, en jy sal hulle voor jou uit verdrywe. (Eksodus 23:31 AFR1953)**

Die rivier is dus inderwaarheid die simbool van die grens wat deur God tussen die kerk en die wêreld getrek word.

Daar kom 'n stem van hierdie vier hoeke af. Daar word nie gesê wie se stem dit is nie.

- Skrifverklaarders is van mening dat dit die gesamentlike stem is van die gebede van al die heiliges wat deur God verhoor word.
- Hy maak dus die gebede deel van sy bevelswoord dat die vier engele nou losgelaat moet word.

Die woord **stem** is in Grieks 'n vroulike woord. Die deelwoord vir **sê** wat hier gebruik word, is manlik. Daaruit kan duidelik afgelei word dat die een **manlike bevel** God se woord is.

**Vers 15**

**Toe is die vier engele losgemaak wat gereed gehou was vir die uur en dag en maand en jaar, om 'n derde van die mense dood te maak. (Openbaring 9:15 AFR1953)**

God is 'n God van orde. Die Raad van God is ontsettend presies.

- Daarom is die optrede van hierdie engele vasgestel (vooruit bepaal) op die uur, dag, maand en jaar wanneer hulle boeië losgemaak gaan word.
- (In ons Westerse denke sou ons waarskynlik die oomblik van die optrede presies in die teenoorgestelde woordorde neergeskryf het, naamlik: jaar, maand, dag en uur!)

Die engele was ook nie geboei nie omdat hulle nog nie gereed was vir hulle verwoestingswerk nie.

- Ons weet uit vers 7 dat hulle terdeë toegerus en voorberei was om hulle verwoestingswerk goed te kon doen.
- Hulle moes egter wag totdat die toestand in die mensewêreld ook sodanig reg was dat hulle hulle verwoestingswerk kon doen.
- Omdat God se Raad totaal effektief is, word die engele op hierdie oomblik losgelaat sodat hulle loslating die hoogste doel kon bereik.

Die mensdom het so 'n gruwelike punt bereik wat enige genade van die Here om hulle nie te verdelg (te laat verdelg) nie wegval.

- Daarom moet hierdie engele 'n derde van die mense op die aarde doodmaak.
- In die werk van dr S Greijdanus wat in 1965 uitgegee is, het hy bereken dat dit (destyds) seshonderd miljoen mense is wat moet sterf!

Hierdie vernietiging sal dus waarskynlik voltrek word in 'n volskaalse wêreldoorlog.

## Vers 16

**En die getal van die leërs van perderuiters was twee maal tien duisend maal tien duisend; en ek het hulle getal gehoor.**

(Openbaring 9:16 AFR1953)

In die jare toe hierdie openbaring plaasgevind het, was 'n perderuiter beskou as 'n baie gevaarliker oorlogsinstrument as 'n voetsoldaat. Die rede is dat 'n perderuiter vinniger kon beweeg en dus vinniger op die vyand kon toeslaan.

Johannes kon blykbaar nie die hele leer sien nie.

- Die getalsgrootheid van hierdie mag word deur hom beskryf as **leërs**.
- Dus kan ons aflei dat daar verskillende samestellings van hierdie leer was.

Hy weet wel hoe groot hierdie oorlogsmag getalsgewys is, want hy hoor toe die getal van die leërmag genoem word: **twee maal tien duisend maal tien duisend**.

- Letterlik staan daar in die Griekse teks twee maal tienduisende van tienduisende.
- Mens sou dit kon voorstel as:  $2 \times 10\,000^n \times 10\,000^n$

Hierdie skrikwekkende getal perderuiters is simbolies. Dit beeld die geweldige bewapening en toerusting van die bewapendes uit.

## Vers 17

**En só het ek in hierdie gesig die perde gesien en die wat op hulle sit, met vuurrooi en blou en swawelgeel borsharnasse. En die koppe van die perde was soos leeu koppe, en uit hulle bekke het vuur en rook en swawel uitgegaan.**

(Openbaring 9:17 AFR1953)

Johannes beklemtoon (teen die reël in!) dat hy 'n **gesig** sien: **in hierdie gesig**.

- Waarom doen hy dit?
- Omdat hy weet dat die mense vir wie hy hierdie gesig gaan oorvertel (of neerskryf) sal dink dat hy lieg of mal is, want in die werklik lewe kom sulke perde nie voor nie!

Daniël het een van sy gesigte ook so beskryf:

**Daniël het gespreek en gesê: Ek het in die nag in my gesig gesien, en kyk, die vier winde van die hemel het die groot see in beroering gebring;**  
(Daniël 7:2 AFR1953)

Johannes word getref deur die vreemde perde (gedrogte) wat hy sien. Hy is blykbaar geskok in die vreemdheid van die ruiters en die perde wat hy sien.

Die perde en ruiters wat hy sien is simbool van verskriklike oorlogsmasjiene.

Die kleure is ook simbolies: **vuurrooi en blou en swawelgeel borsharnasse**

- **Rooi** is die kleur van bloed en geweld.
- **Blou** (swartblou!) is die kleur van rook – alles wat deur die vuur verbrand word.
- **Geel** is die kleur van swael. Dit simboliseer geweld en verwoesting – dus ook die dood.

Die kleure word almal verbind aan die borsharnasse. In daardie jare was die borsharnasse van staal (yster). Dit openbaar twee dinge:

- Dat hierdie perde (oorlogsmasjinerie) ondeurdringbaar was.
- Dat dit gerig was op die totale en gewelddadige vernietiging van almal teen wie hulle opruk.

**. . . die koppe van die perde was soos leeu koppe . . .**

Die leeu koppe van die perde simboliseer dat hulle die mense wat hulle gaan aanval gaan verskeur.

- Dit simboliseer die ondergang van die wat aangeval word.
- Op onverskrokke wyse gaan hulle alles om hulle versteur.
- Hulle gaan vir niks terugdeins nie.

Vergelyk hiermee saam die volgende aanhalings:

**Want so het die HERE vir my gesê: Soos 'n leeu en 'n jong leeu knor oor sy prooi wanneer die volle getal herders teen hom bymekaargeroep word, sonder dat hy skrik vir hulle stem of ingee vir hulle geraas – só sal die HERE van die leërskaare neerdaal om in die stryd uit te trek teen die berg Sion en teen sy heuwel.**

(Jesaja 31:4 AFR1953)

**(5:7) En die oorblyfsel van Jakob tussen die nasies sal onder baie volke wees soos 'n leeu onder die diere van die woud, soos 'n jong leeu onder troppe kleinvee; wat, as hy deurtrek, vertrap en verskeur sonder dat iemand red.**

(Miga 5:8 AFR1953)

**Vers 18, 19**

**Deur hierdie drie plaes is 'n derde van die mense gedood, deur die vuur en deur die rook en deur die swawel wat uit hulle bekke uitgegaan het; want hulle mag is in hulle bek en in hulle sterte; want hulle sterte is soos slange en het koppe, en daarmee rig hulle skade aan.**

(Openbaring 9:18, 19 AFR1953)

Die kleure van die vuur en rook wat uit die perde se bekke uitkom, is dieselfde as die kleure van die harnasse.

- Die vuur en rook en swael is dinge waarmee die mense aangeval en doodgemaak word.



- Die perde is simbool van vernietigende oorlogsmasjiene.

Die hoeveelheid mense wat doodgemaak word, word herhaal.

Die doel daarvan is om die verskriklikheid van die oordeel te herhaal.

Hierdie gedeelte beklemtoon net weereens die demoniese in hierdie oorlogswerktuie.

- Daarom word daar weereens uitgebrei oor hoe sleg en satanies hierdie perde is.
- Weereens kom ons agter dat die perde figuurlik beskryf word, want perde veg nie in die eerste plek met hulle bekke nie – hulle skop met hulle pote.

Hier is die toestand heeltemal anders:

- Hierdie perde blaas vuur en rook en swael. *Dit laat mens dink aan die tipiese prente en fabels wat daar in die ou tyd oor drake was!*
- Die perde (werktuie) verstik dus die mense met allerhande giftige gasse!

Die perde se sterte het slangkoppe wat kan pik en wat ook skade onder die mense aanrig! Die perde – en die mense wat hulle beheer – rig dus van voor en van agter groot verwoesting onder die mensdom aan!

Waarskynlik word hier geopenbaar dat oorlogstegnieke tot op skrikwekkende hoogtes gevoer en ontwikkel is. Hierdie mag uit die hel trek los op 'n verdwaasde en verbysterde massa mense (wat ook ongelowig is!)

## Vers 20, 21

**En die orige mense wat deur hierdie plaë nie gedood is nie, het hulle nie bekeer van die werke van hul hande, om die duiwels te aanbid, of die afgode van goud en silwer en koper en klip en hout wat nie kan sien of hoor of loop nie. En hulle het hul nie bekeer van hul moorde en hul towerye en hul hoerery en hul diefstalle nie.**

(Openbaring 9:20, 21 AFR1953)

Hierdie verse openbaar die ontstellende en verskriklike van die mense wat dan op die aarde is, se verhouding met God.

7. Hulle haat God.

8. Ondanks al die dood en verwoesting en geweld, weier hulle doelbewus om tot bekering te kom!

Die mense dink almal uiterlik. Hulle godsdiens loop buitekant toe en in die donker in. Innerlike hartsgemeenskap met God bestaan doorgewoont net nie!

- Selfs hierdie geweld uit die hel uit kan hulle nie sover kry om met die duiwel en sy werke te breek nie.
- Hulle bly getrou aan die “gevalle ster”.  
**. . . die werke van hul hande, om die duiwels te aanbid, of die afgode van goud en silwer en koper en klip en hout wat nie kan sien of hoor of loop nie.**

Hierdie sondelysie onderstreep dat hierdie mense geen bande met die Here het nie.

- Hulle wil ook geen bande met die Here hê nie.
- Hulle is verdiep in alles wat aan die hel verbind word.
- Die dieptepunt van hierdie lysie kan saamgevat word as satanisme en materialisme.
- Daarmee saam is daar ook allerhande oortredings teen hulle medemense:
  - Dit kom uit in dinge soos towery, hoerery en diefstal.
  - Hierdie dinge teken verval en verderf – dus totale gebrek aan die heerlikheid van God.

Die lysie onderstreep die praktiese lewensbeginsels van die moderne mens! Dis hoe hulle vir God lyk, al is hulle hoe slim in hulle eie oë!

Die punt is net dit: Ongelowiges sal God altyd haat. Iemand wat God haat, sal en kan net nie tot bekering kom nie. Vergelyk hiervoor Jesaja 8:21:

**Dan sal hulle deur die land trek, beswaard en honger; en as hulle honger het, sal hulle in toorn uitbreek en hulle koning en hulle God vloek; dan sal hulle na bo kyk,** (Jesaja 8:21 AFR1953)

Vraag: Die Here het net na die sondeval die volgende woorde gesê:

**In die sweet van jou aangesig sal jy brood eet totdat jy terugkeer na die aarde, want daaruit is jy geneem. Want stof is jy, en tot stof sal jy terugkeer.**  
(Genesis 3:19 AFR1953)

Is dit nie dalk so dat die terugkeer van die mens tot stof ook in die aardsheid van sy ongeloof en afgodery en hoerery aan die einde van die tyd geopenbaar word nie?